

17/9/71

G.P.A.

86/71

S. 445

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggereghof van Suid-Afrika

(Appel

DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPÉL IN STRAFSAAK.

1. JOHANNES NICOLAAS VAN NYK; 2. ISAK HERMANUS LAMPRECHT
Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney *W. J. Muller (P.T.A.)*
Prokureur van Appellant

Respondent's Attorney *J. G. (P.T.A.)*
Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate *M. J. M. Meers*
Advokaat van Appellant *F. C. C. Roos*

Respondent's Advocate *M. J. M. Meers*
Advokaat van Respondent

9 - 11 - 1971

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op

4 - 12 - 9
Wessels, J.A., Potgieter, J.A., Muller, J.A.

(T.P.A.)

9.45 - 11.00 a.m.
" " 12.45 p.m.
2.15 -

C.A.U.

8 - 12 - 71 - per Wessels, A.R.:-

Wijzel Schweg. Schreibig herhaling - en
Verwesen tot niet duidelikheid -

Wij, Griffee's

Deel 1

Deel 2

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APP^ELAFDELING)

In die saak tussen :

JACOBUS NICOLAAS VAN WYK ... Eerste Appellant

en

IZAK HERMANUS LAMPRECHT ... Tweede Appellant

en

D. DE V.J. VAN RENSBURG ... Eerste Respondent

en

DIE STAAT ... Tweede Respondent

CORAM : WESSELS, POTGIETER et MULLER, A.RR.

VERHOOR : 9 NOVEMBER 1971.

GELEWER : 8 December 1971

U I T S P R A A K

WESSELS, A.R. :

Appellante het op 13 April 1970 te Rustenburg, Transvaal, voor eerste respondent (n streeklanddros) op twee aanklagtes tereggestaan, nl., diefstal van ses sakke dagga, die eiendom van die Staat, en n

oortreding van artikel 61(1)(e) van Wet No. 13 van 1928,

deurdat hulle wederregtelik die voormalde ses sakke dagga

aan A.G. Cassim, of n persoon aan die Staat onbekend,

gelewer het. Die misdrywe sou "op (of omtrent)" 28

November 1969 gepleeg gewees het. Mn. J. Boshoff, n

prokureur te Rustenburg, het namens appellante opgetree.

Appellante het onskuldig gepleit. Mn. Boshoff het by twee

geleenheidtydens die verhoor om uitstel aansoek gedoen,

wat egter afgewys is. Na getuienis namens die Staat en

appellante afgelê is, is die verhoor tot die volgende dag

(14 April) vir argument en uitspraak uitgestel. Appellante

is op albei aanklagtes skuldig bevind. Die twee aanklagtes

is as een vir die doeleindes van vonnis behandel. Elkeen

van die appellante is n vonnis van n boete van R600 of twee

jaar gevangenisstraf en drie jaar gevangenisstraf opgelê.

Op dieselfde dag is namens appellante kennis gegee dat hulle

na die Transvaalse Provinsiale Afdeling in hoër beroep teen

die skuldigbevinding en vonnis gaan. Later, na aanleiding

van regadvies, is besluit om ook aansoek te doen om die

verrigtinge voor die streeklanddros te laat hersien op grond van sy beweerde onreëlmatige afwysing van die aansoeke om die saak uit te stel.

Die hersieningsaansoek en appèl, wat gelyktydig voor die Transvaalse Provinsiale Afdeling gedien het, is op 15 Desember 1970 afgewys. 'n Aansoek om na hierdie Hof te appelleer is vertraag, aangesien dit later geblyk het dat die ~~voormalde~~-uitspraak per abuis nie op band opgeneem is nie. Die voorsittende regter (Gillié, R.P.), het volgens aantekeninge en geheue 'n uitspraak saamgestel wat by die appèlstukke ingesluit is. Uiteindelik, op 11 Junie 1971, het die Hof a quo appellante se aansoek, om na hierdie Hof in hoër beroep te gaan, toegestaan. Die verlof betref sowel die hersieningsaansoek as die appèl. Die appèl teen die uitspraak van die Hof a quo is op 9 November 1971 verhoor. Dit is te betreur dat die afhandeling van hierdie geval aan uitermatige vertraging onderhewig was.

Ek behandel, eerstens, die appèl vir sover dit die hersieningsaansoek betref.

Die omstandighede, wat daartoe gelei het dat appellante se prokureur by twee geleenthede tydens die verhoor om uitstel aansoek gedoen het, kan kortliks soos volg gestel word. Eerste appellant was te alle tersaaklike tye 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie te Marikana, en tweede appellant 'n arbeidsbeampte in diens van die Transvaalse Raad vir Buitestedelike Gebiede, ook te Marikana. Appellante het gedurende Januarie 1970 verneem dat die polisie klagtes van diefstal en onwettige verkoop van dagga teen hulle ondersoek. Appellante het ooreengekom dat eerste appellant reëlings vir hulle verdediging sou tref. Na aanleiding van hierdie besluit, het eerste appellant mnr. Botha, 'n prokureur van Potgietersrus, versoek om namens appellante op te tree. Dit was toe nog nie seker wat die aanklagte of aanklagtes sou wees nie, en 'n datum vir die verhoor van die saak was ook nog nie vasgestel nie. Volgens eerste appellant het hy mnr. Botha ingelig oor die omstandighede wat, na hy verneem het, by die polisie ondersoek betrokke was. Die name van sekere getuiës wat vir die

verdediging sou kon getuig is ook genoem. Ek mag hier meld dat n beëdigde verklaring deur mnr. Botha ingedien is, waarin hy eerste appellant se getuienis in belangrike opsigte weer-spreek, veral wat betref die vraag of eerste appellant die name van getuies aan hom genoem het, en of daar gereël is dat hy daarvoor sou sorg dat hulle gedagvaar word. Hy het ook ontken dat hy versoek is om namens tweede appellant op te tree. Uit afskrifte van brieue wat by mnr. Botha se beëdigde verklaring aangeheg is, blyk dat hy daarvan bewus was dat eerste appellant nie die enigste beskuldigde sou wees nie.

Gedurende Maart het mnr. Botha verskeie brieue aan die streek-hofaanklaer te Rustenburg in verband met die saak gerig om, onder meer, n afskrif van die klagstaat te versoek. Hierdie versoek is geweier, en die prokureur is genooi om dit te Rustenburg "in te sien". Mnr. Botha het ook enkele brieue aan eerste appellant geskryf met verwysing na die datum van verhoor. Dit is, egter, duidelik dat hy geen ander voorbereidende werk gedoen het nie, bv., om reëlings vir vroegtydige konsultasie met eerste appellant te tref nie. Dit blyk dat

mnr. Botha onseker was oor die klagtes en ook oor wanneer en in watter hof die saak sou dien. Die moontlikheid van misverstand tussen mnr. Botha en eerste appellant kan, na my mening, nie uitgesluit word nie.

Ek keer terug na die verloop van sake soos dit uit eerste appellant se beëdigde verklaring blyk. Gedurende Februarie 1970 het appellante voor 'n landdros te Rustenburg verskyn. Op versoek van die Staat is die saak tot 'n datum aan die begin van Maart uitgestel. Op laasgenoemde datum is die saak tot 13 April uitgestel vir verhoor deur die streekhof te Rustenburg. Ná hierdie geleentheid is mnr. Botha van die datum van verhoor verwittig. Op 21 Maart is eerste appellant onverwags na Goudini (naby Worcester, K.P.) verplaas. Mnr. Botha is later van die adresverandering in kennis gestel. Ongeveer twee weke voor die verhoor het eerste appellant mnr. Botha gebel, en sou toe van hom verneem het dat al die reëlings in orde is. Daar is toe afgespreek dat eerste appellant hom vroeg dieoggend van die verhoor by 'n kafee in Rustenburg sou ontmoet. Mnr. Botha het geen melding van

getuies gemaak nie, en eerste appellant het aanvaar dat

eersgenoemde die nodige reëlings sou tref. Op Donderdag,

9 April, het eerste appellant n telegram van mnr. Botha ontvang waarin hy meegeedeel is dat alles in orde is vir die verhoor. Op 10 April, egter, het mnr. Botha se sekretaresse eerste appellant gebel en hom meegeedeel dat mnr. Botha nie meer die verdediging sou kon waarneem nie. Dit blyk dat hy ongesteld was. Daar is toe gereël dat n prokureur van die firma Coetzee, Brink en van der Merwe te Rustenburg die verdediging sou waarneem. Eerste appellant het op Maandag, 13 April, by Rustenburg aangekom, en toe verneem dat die voormalde firma nie die verdediging kon behartig nie. Hy is verwys na die firma Wessels en le Roux, waar hy omstreeks 8.30 ^{v.m.} aan n jong prokureur, mnr. Boshoff, voorgestel is. Oor wat daarna plaasgevind het, lui eerste appellant se beëdigde verklaring soos volg :

"5. Prokureur Boshoff is geensins behoorlik opgedra in die saak en die feite oorgedra deur prokureur Botha nie, en ek het net begin om hom in te lig oor die feite toe die posisie van die tweede Applikant ter sprake gekom het en tot op daardie tydstip

was prokureur Boshoff nie eers bewus dat daar n tweede beskuldigde in die saak is nie. Ek is toe aangesê om mnr. Lamprecht te gaan haal wat ek onmiddellik gedoen het en ons het teruggekeer na prokureur Boshoff se kantoor. Ek het vroeër dieoggend nie vir tweede applikant gekry by die Hof nie, ek was dalk n bietjie te vroeg en het toe gegaan na mnre. Coetzee, Brink & v.d. Merwe. Met ons terugkeer by prokureur Boshoff se kantoor was sy standpunt dat hy nie behoorlik kan konsulteer nie en hom voorberei vir die saak ten aansien van die feite of die Reg nie en dat n uitstel aangevra sal word.

Daar is kortliks oor sekere feite van die saak gepraat maar omdat dit byna 9 uur was het prokureur Boshoff besluit om die saak te gaan bespreek met die eerste Respondent en die Aanklaer. Prokureur Boshoff is toe weg hof toe en ek en die tweede applikant het by sy kantoor vir hom gewag. Met sy terugkoms was hy baie ontsteld oor die houding van die Aanklaer wat slegs wou instem dat die saak afstaan tot 10.45 voormiddag en het aangedring dat die saak voortgesit moes word.

6. Daarop het n volledige bespreking plaasgevind oor prokureur Boshoff se posisie in die saak en hy het eers oorweging daaraan gegee of hy nie geheel en al moet onttrek uit die saak nie omdat sy standpunt was dat hy nie reg aan die saak kan laat geskied nie vanweë die feit dat hy nie homself behoorlik op hoogte kon bring met die feite of die Reg nie in die kort tyd wat aan hom beskikbaar gestel word nie.
7. By heroorweging van al die feite het prokureur Boshoff ingestem om vir my en die tweede applikant

te verteenwoordig omdat hy tevreden was dat dit baie onbillik sou wees vir ons dat die verhoor moet voortgesit word sonderregsverteenwoordiging maar daar is toe besluit dat hy die hof sou toespreek oor n uitstel en hy het hom toe voorberei vir die toespraak oor n uitstel. Vanweë die standpunt van die Aanklaer was prokureur Boshoff besorg dat n uitstel dalk nie toegestaan sal word nie en daar is die kwessie oorweeg of hy hom in sodanige geval nie moet onttrek van die saak nie, d.w.s. indien die aansoek om uitstel nie slaag nie. Nietemin het prokureur Boshoff weereens ingestem op ons versoek om voort te gaan met die saak vir redes reeds vermeld.

Hierna het prokureur Boshoff ook hom begin verdiep in die wetsaspekte van die betrokke geval.

Tydens hierdie besprekings het die feite van die saak te berde gekom en die kwessie van getuies maar daar is nie op volledig ingegaan nie. Op die tydstip het prokureur Boshoff voorgestel dat ek en tweede applikant moes gaan tee drink sodat hy verder op die Reg kon ingaan. Met ons terugkeer is die feite van die saak bespreek in die beperkte tyd wat beskikbaar was en het ons kort daarna na die hof vertrek."

Ek verwys voorts na die beëdigde verklaring
van mnr. Boshoff. Daaruit blyk dat hy op 10 Februarie 1970 as
prokureur toegelaat is en op 1 Maart 1970 as prokureur begin
praktiseer het. Volgens hom het hy tot en met 10 April "net n
paar minder ernstige kriminele sake in die landdroshof verdedig,
en was derhalwe nog baie onervare in die opsig." Oor wat gebeur

het nadat hy met die verdediging belas is, lui sy beëdigde verklaring soos volg :

- "4. Op Vrydag die 10de April 1970 het mnr. Prinsloo van ons kantore my meegedeel dat sekere prokureurs van Potgietersrus gebel het en verneem het of ons firma namens n sekere mnr. Van Wyk die 1ste Applikant sal kan optree in die Streekhof te Rustenburg op Maandag die 13de April 1970 aangesien die prokureur wat die saak sou neem, dit nie meer kan doen nie. Mnr. Prinsloo het my verder meegedeel dat die klag teen mnr. Van Wyk glo diefstal van sekere dagga is. Hy het my verder meegedeel dat die mnr. Van Wyk eers ons sal kom spreek op die oggend van Maandag die 13de April 1970 aangesien hy glo nog onder in die Kaap is. Geen getuieverklarings of feite van die saak is aan my bekend gestel nie. Daar is ook geen reëling getref oor koste van die verdediging nie.
5. Aangesien ek nog mnr. Prinsloo op die stadium nog niks van die saak geweet het nie en ek ook nog nie met 1ste Applikant gekonsulteer het nie was dit natuurlik onmoontlik vir my om enige voorbereiding te doen, daar ek ook nie eens in besit was van n afskrif van die klagstaat teen die 1ste Applikant nie.
6. Op die oggend van 13 April 1970 om ongeveer 8.30 ^{v.m.} het mnr. Prinsloo en die 1ste Applikant by my kantoor ingekom en is hy aan my voorgestel.

In die teenwoordigheid van mnr. Prinsloo het ek toe aan die 1ste Applikant gevra wat die presiese klagte teen hom is en hy het ons toe meegedeel

dat hulle beweer dat hy ses sakke dagga sou gesteel het, die eiendom van die Staat.

Eerste Applikant het ons ook meegedeel dat daar n sekere mnr. Lamprecht die 2de Applikant saam met hom aangekla word en ons het 1ste Applikant toe dadelik versoek om 2de Applikant te gaan kry wie volgens 1ste Applikant op daardie stadium by die Hof was. 1ste Applikant is hierna uit en het kort daarna teruggekeer met 2de Applikant en ek het hom toe vir die eerste keer ontmoet.

7. Tydens my gesprek met die Eerste Applikant het ons net by die feite van die saak begin toe die kwessie van die Tweede Applikant ter sprake gekom het. Nadat die Tweede Applikant by ons aangesluit het, het ek aan die Tweede Applikant verduidelik dat ek moeilik die saak kan hanteer, omdat ek nog die feite nog die reg bestudeer het en dat ek uitstel sou aanvra. Ek het n kort gesprek met die Applikante gehad maar omdat die hof om 9 uur sou begin, het ek my verskoon en na die hof gegaan, terwyl ek die Applikante by my kantoor gelaat het.
8. By die Landdroshof het ek my gaan voorstel aan die Landdros, Mnr. Van Rensburg, en die Respondent meegedeel dat ek namens die Applikante verskyn en hom meegedeel wat die besondere omstandighede van my opdrag is, omdat ek nie behoorlik tyd gehad het om met die Applikante te konsulteer en die nodige voorbereiding te doen nie. Ek het onder andere aan die Eerste Respondent meegedeel dat ek baie min ondervinding in strafwerk het, en dat ek graag n uitstel sou wou hê in die saak. Die Eerste Respondent het nie geweet wat die houding

van die Aanklaer is en met die het die Streekhof Aanklaer mnr. Van Wyk, by ons aangesluit, en die kwessie van die uitstel is bespreek. My posisie is volledig verduidelik en ek het steeds die standpunt gehuldig dat ek uitstel in die saak moet vra en die Aanklaer het toe ingestem om die saak te laat afstaan tot 10.45 vm.

9. Hierna is ek terug na die kantoor en ek het die gebeure aan die Applikante oorgedra en ek het vir hulle gesê dat ek my moet voorberei vir 'n aansoek om uitstel, maar ek het ook oorweeg of ek my nie aan die saak moet onttrek nie. Na heelwat bespreking is daar besluit dat ek sou voortgaan met die aansoek om uitstel en daar is toe oorweging daaraan gegee of ek nie, indien die aansoek om uitstel nie slaag nie my moet onttrek nie. Ek was bewus van die ongelukkige verloop van omstandighede sover soos die Applikante betref en het ingestem om die saak te hanteer indien die aansoek om uitstel nie slaag nie. Ek het toe gesag nageslaan omdat ek die mening toegedaan was dat dagga in die omstandighede waarin die Staat beweer dit gesteel sou gewees het, 'n res nullius was. Ek het myself op hoogte gebring omtrent die betrokke wet waaronder die beskuldigdes onder andere aangekla sou word. Op die tydstip was ek nog steeds nie in besit van 'n klagstaat nie.
10. Terwyl ek navorsing gedoen het, het daar besprekings van die feite plaasgevind en omdat ek my nie kon toespits waarmee ek besig was nie, het ek die Applikante versoek om te gaan tee drink wat hulle toe gedoen het en ondertussen het ek my gedagtes agtermekaar gekry oor die aansoek vir uitstel en my probeer verdiep in die ingewikkeldes

wetsbepalings wat op dagga van toepassing is.
Die Agbare Hof se aandag word eerbiediglik
daarop gevestig dat ek nooit voorheen in al my
opleiding iets te doen gehad het met die wet
op dagga nie. Met die terugkeer van die
Applikante op kantoor het ek baie kort tyd
oorgehad om die feite van die saak met hulle
na te gaan.

Ek het glad nie 'n getuiieverklaring van enige
van hulle geneem nie en moes op my geheue staat
maak. Ek het slegs volledige notas voorberei
vir die aansoek om uitstel."

Die verhoor het omstreeks 11 ^{v.m.} ~~v.m.~~ begin.

Nadat appellante onskuldig gepleit het, het mnr. Boshoff om
uitstel aansoek gedoen. Die streeklanddros was toe reeds
bewus van die omstandighede waaronder mnr. Boshoff opgedra is
om namens appellante op te tree. Die aansoek, wat deur die
streekhofaanklaer bestry is, is egter weer eens in ope hof
beredeneer. Die aanklaer het, heeltemal tereg, daarna verwys
dat appellante ruim kennis van die verhoordatum gehad het, en
'n genoegsame geleentheid gehad het om hulle verdediging, in
oorleg met prokureur Botha, wat reeds in Februarie versoek is
om namens hulle op te tree, voor te berei. Hy het voorts
daarna verwys dat die saak, na sy mening, nie van 'n "ingewikkeld"
aard was nie. Die streeklanddros het die aansoek geweier en

gelas dat die verhoor moet voortgaan, blykbaar met die gedagte dat die kwessie van 'n uitstel na sluiting van die Staat se saak weer geopper sou kon word.

Die Staat se saak is kort voor die middagverdaging gesluit. Mn. Boshoff het nogmaals aansoek gedoen om uitstel "tot 'n volgende Hofdatum wat die Staatsaanklaer mag bepaal." Op 'n vraag van die streeklanddros het hy te kenne gegee dat geen een van die staatsgetuies teruggeroep hoef te word nie. Die aanklaer het die aansoek bestry en, onder meer, gesê: "Ek kan net een aspek nie sien nie en dit is as my Geleerde Vriend wil getuies roep hoekom dit nie meer kan gedoen word nie. Hierdie saak is spesifiek so gereel dat hy meer ook kan voortgaan." Die streeklanddros het van mn. Boshoff verneem of hy die getuies die volgende dag by die hof beskikbaar sou kon hê. Laasgenoemde kon geen verskering gee dat hy dit sou kon doen nie, aangesien sommige van die getuies te Marikana (wat 25 myl vanaf Rustenburg is) woonagtig was, en hy nie seker was of hulle gewillig sou wees om sonder 'n dagvaarding te kom getuig nie. Daar is toe na een besondere getuie verwys, en die

aanklaer het aangebied om hom onverwyld met n polisie-voertuig te laat haal. Na verdere bespreking het mnr. Boshoff sy aansoek om uitstel gewysig, en gevra dat die saak slegs tot die volgende dag uitgestel word. Hierdie aansoek is ook afgewys. Die streeklanddros het aan die hand gedoen dat n poging aangewend word om een van die getuies te Marikana (n Indiër genaamd Cassim) tydens die middagverdaging te laat haal. Hy het ook daarna verwys dat dit "gebruiklik is dat die beskuldigdes self eers getuig."

Tweede appellant het tydens die middagverdaging na Marikana gegaan om twee getuies te gaan haal, maar het slegs daarin geslaag om een, A.G. Cassim, saam met hom na die hof te bring, waar hulle kort voor die hervatting van die verhoor opgedaag het. Na n vlugtige konsultasie met Cassim, het mnr. Boshoff met die saak vir die verdediging begin. Na appellante en Cassim getuig het, is die saak vir die verdediging gesluit. Ek het reeds hierbo na die verdere verloop van die saak verwys.

Dit is in hoër beroep voor hierdie Hof namens appellante betoog dat die streeklanddros se afwysing

van die aansoeke om uitstel onreëlmatic was omdat hy sy diskresie nie op regterlike wyse uitgeoefen het nie. Dit is, voorts, betoog dat vanweë die streeklanddros se afwysing van die aansoeke in die betrokke omstandighede, appellante benadeel is by die voorlegging van hulle verdediging, ondanks die feit dat hulle regsbystand gehad het.

Die streeklanddros se motivering van sy besluit om die aansoeke af te wys blyk, eerstens, uit die afskrif van die strafsaaknotule wat by die aansoek om hersiening aangeheg is en, tweedens, uit sy ongedateerde verklaring, wat vermoedelik saam met die Staat se kennisgewing dat die hersieningsaansoek bestry word, ingedien is. Hoewel die verklaring, wat vorm betref, voorgee n beëdigde verklaring te wees, is dit blykbaar nie beëdig nie.

Wat die eerste aansoek om uitstel betref, nl., dié wat gedoen is onmiddellik na appellante gepleit het, blyk dit dat mnr. Boshoff n gemotiveerde aansoek gedoen het, en verduidelik het watter sameloop van omstandighede daartoe geleid het dat hy hom nie behoorlik kon voorberei het om

appellante se verdediging waar te neem nie. Die aanklaer

het die aansoek op drie gronde bestry, nl.,

- (1) dat die appellante genoegsame kennis van die verhoordatum gekry het, en dus tyd genoeg gehad het om regsbystand te verkry en hulle verdediging voor te berei;
- (2) dat die "Staat se belang" ook in ag geneem moet word; en,
- (3) dat die saak nie ingewikkeld was nie – met verwysing slegs na die bewerings in die klagskrif.

Die reedes vir die streeklanddrös se

afwysing van hierdie aansoek blyk nie uit die strafsaaknotule nie. Slegs die volgende is daarin opgeteken: "Die Hof en mnr. Boshoff voer bespreking en die Hof gelas dat die saak voortgaan. (Inhoud van bespreking is onhoorbaar op die rekord)". Ek kan dit hier noem dat dit blyk dat heelwat las met die bandopnamemasjien tydens die verhoor ondervind is – n omstandigheid wat mnr. Boshoff se taak nog meer bemoeilik het.

Wat sy bogemelde verklaring betref, word die volgende gemeld

in verband met sy afwysing van die eerste aansoek, nl.:

"2. Dit is so dat prokureur J. Boshoff my

genader het buite die Hof voor die aanvang van die verhoor en hy het tentatief gesê n uitstel sal miskien nodig wees. Ek kan nie meer al die omstandighede onthou nie, maar dit is baie definitief dat daar gereël is dat die saak sal afstaan tot ongeveer 11 v.m. sodat Mnr. Boshoff kan konsulteer met sy kliënte en homself voorberei.

3. Toe die saak later dieoggend in die Hof aangekom het, het Mnr. Boshoff gevra om uitstel en die aanlaer het dit opponeer. Soos blyk uit die aanvullende oorskrif van die oorkonde op bladsy 2 het die Hof beslis die saak moet voortgaan. Ongelukkig het die opname masjien heelwat las gegee en dele is onhoorbaar. Ek wil egter onomwonne konstateer dat Mnr. Boshoff bereid was om voort te gaan, in elk geval tot die einde van die staatsaak. Dit word bevestig deur Mnr. Boshoff se woorde op bladsy 21 van die rekord - sien weereens bladsy 2 van die aanvullende oorskrif: "Edelagbare soos ek vanoggend aangetoon het, sal ons graag aanvra vir n uitstel."

Wat betref die afhandeling van die tweede aansoek om uitstel (d.i. na sluiting van die Staat se saak), blyk die volgende uit die strafsaaknotule :

"HOF: Ek besef die probleem waar die prentjie inkom. Maar op die oog af lyk dit vir my 'n baie eenvoudige saak. Of die dagga is geneem of dit is nie geneem nie, dit is die kern van die hele saak, heeltemal eenvoudig. En die ander sy van die saak is dat hierdie Hof is

spesiaal gereel om vandag en mōre voort te gaan. Die Hof het al n groot deel van vanoggend ledig gesit. Dit sal beteken die Hof moet vanmiddag ook ledig sit. Het u al enige pogings aangewend vanoggend om die getuie te laat kom?

MNR. BOSHOFF: Nee, ons het nie vanoggend enige pogings aangewend nie. Ons het eintlik nie die tyd gehad nie. Ons kon nie Marikana toe ry nie. Marikana is 25 myl hiervandaan.

AANKLAER: Ek herhaal ons sal die getuie vir die verdediging by die Hof besorg. Is dit die Indiërman Cassim?

MNR. BOSHOFF: Nee, dit is nie die Indiërman Cassim nie. Dit is onder andere die broer van die Indiërman Cassim wat ons graag hier wil hē en as dit dan die Hof mag behaag vra ek dan dat ons mōre met die saak kan aangaan.

hof: Wat is die moeilikheid? Hoekom kan die man nie gehaal word nie? Ek meen u kan een van u eie mense stuur om saam te gaan, om te sorg dat daar nie gepraat word oor die saak nie. Ek dink daar moet n poging aangewend word om hom te gaan haal. Ek meen u eie kliënte sal tog ook seker verkies dat hy gehaal word. U weet natuurlik dit is gebruiklik dat die beskuldigdes self eers getuig, want anders as hulle getuig nadat hulle getuies getuig het, dan kan dit miskien teen hulle tel. So die Hof sal nou kortliks verdaag en die posisie oorweeg."

Die streeklanddros se bogemelde verklaring verwys kortliks na sy afwysing van die tweede aansoek (wat

uiteindelik beperk is tot 'n uitstel na die volgende dag) soos volg :

- "4. Na die end van die Staatsaak, na samesprekings,
was die verdediging weer eens bereid om aan te gaan met die verdediging se saak.
5. Ek wil weer eens beklemtoon dat die beskuldigdes geensins benadeel is nie. Hierdie is 'n saak wat op eenvoudige feite beslis moes word."

Mnr. Boshoff het in 'n beantwoordende beëdigde verklaring die volgende gesê in verband met bewerings in die verklaring van die streeklanddros :

"3.

AD PARAGRAAF 2.

Ek het die Eerste Respondent in die hooflanddros se kantoor gaan spreek onder die omstandighede soos meer volledig beskrywe in paragraaf 8 van my eerste verklaring. Die eerste Respondent wou weet wat die Aanklaer se houding was en hy het die houding ingeneem hoewel ek nie meer welke aspek van die gesprek kan onthou nie, dat die saak moet aangaan maar kan afstaan tot 10.45 ^{v.m.} of 11 uur. Die eerste Respondent het by hierdie geleentheid nog geen houding ingeneem ten aansien van die vraag of uitstel verleen sal word ald안 nie.

Ek wil egter stel dat ek vir die Eerste Respondent en vir die Aanklaer meegeleef het dat ek sal moet aansoek doen vir uitstel, want dit was op daardie stadium reeds vir my duidelik dat ek nie die saak

sou kon voorberei nie. Dit is onder daardie omstandighede wat ek teruggegaan het en die Applikante meegedeel het dat ek my moet voorberei vir aansoek om uitstel soos meer volledig beskrywe in paragraaf 9 van my eerste verklaring.

4.

AD PARAGRAAF 3.

Ten aansien van die Eerste Respondent se stelling dat ek bereid was om voort te gaan in elk geval tot die einde van die staatsaak, wens ek die posisie soos volg te verduidelik.

Ek verwys eerbiediglik na bladsye 1 en 2 van die aanvullende oorkonde waar my aansoek om uitstel verskyn. Ek was die mening toegedaan dat die Applikante ernstig benadeel sal word indien die saak moes voortgaan en wat ek daar gesê het, was deurgaans my houding.

Nadat die Aanklaer die hof toegespreek het, het die Eerste Respondent daarop gewys dat hierdie 'n eenvoudige saak is dat al die staatsgetuies daar was en dat hyself van Pretoria gekom het net om hierdie saak te verhoor. Hy het ook melding gemaak van die feit dat die hof die heleoggend al ledig gesit het, en toe gelas dat die saak moet voortgaan tot aan die einde van die staatsaak, wanneer aansoek om uitstel weer gedoen kan word. Ek het hierdie aanvaar as 'n ondubbel-sinnige aanduiding van die hof dat die saak nie op daardie stadium, dit wil sê ten tyde van my aansoek uitgestel sou word nie en ek het met die gebruiklike "Soos dit die hof behaag" aanvaarding van die hof se reëling betuig. Sover dit my persoonlik betref sou ek natuurlik verkies het soos in my aansoek aangedui, dat die saak daar

en dan uitgestel word, gedagting die reëling van die hof. Na aanleiding van die aansoek het ek omgedraai na die Applikante en aangedui dat daar nou niks is om te doen behalwe dat die saak moet aangaan nie, tensy ek my onttrek het, wat ek nie sou doen nie, aangesien dit die Applikante in 'n baie moeilike posisie sou plaas was daar niks anders om te doen as om voort te gaan nie.

Ek doen eerbiediglik aan die hand dat my woorde waarna die Eerste Respondent verwys 'n bevestiging is van my oorspronklike houding dat ek wou gehad het die saak moet uitgestel word."

Kragtens die bepalings van artikel 161(1) van die Strafproseswet, No. 56 van 1955, kan 'n verhoor, "indien nodig of dienstig", op enige tydstip daarvan verdaag word. Die diskresie om 'n verdaging van 'n verhoor toe te staan berus klaarblyklik uitsluitlik by die betrokke verhoorhof, en met die uitvoering van sy diskresie kan in hoër beroep nie ingemeng word nie, tensy dit blyk dat die verhoorhof sy diskresie nie op regterlike wyse uitgeoefen het nie, d.w.s., op willekeurige wyse of volgens verkeerde beginsels en nie op wesenlike gronde nie. (Kyk S. vs Seheri en Andere, 1964(1) S.A. 29(A.D.) op bl. 33 G - H).

Wanneer 'n verhoorhof oorweeg of dit "nodig

"of dienstig" is om 'n verhoor te verdaag, is dit om klaarblyklike redes verplig om alle omstandighede, wat daarop betrekking het, na behore in oënskou te neem. Indien die verhoorhof die betrokke omstandighede aldus oorweeg het, en sy besluit op wesenlike gronde steun, word daar nie ligtelik in hoër beroep ingemeng nie, selfs al sou besluit word dat die appèlhof sy diskresie op 'n ander wyse sou uitgeoefen het.

In gedingvoering van hierdie aard word verwag dat die omstandighede, wat deur die verhoorhof oorweeg is ten einde te besluit of dit "nodig of dienstig" is om die verhoor te verdaag, volledig in die stukke uiteengesit word. Dit is ook nodig dat die verhoorhof se redes vir die afwysing van die aansoek om 'n verdaging uiteengesit word, veral waar die redes nie genoegsaam uit die notule van die verhoor te verneem is nie. Waar in hoër beroep gevra word dat 'n afwysing van 'n aansoek om 'n verdaging hersien word, word die appèlhof se taak bemoeilik indien, soos in die onderhawige geval, hoofsaaklik by wyse van afleiding vasgestel moet word watter omstandighede deur die verhoorhof oorweeg is, watter gewig hy

daaraan geheg het en op watter gronde sy besluit, dat n verdaging nie "nodig of dienstig" was nie, steun.

Ek aanvaar, ten voordele van die Staat, dat die streeklanddros ten minste daardie omstandighede wat in hulle betoë deur mnr. Boshoff en die aanklaer genoem is, oorweeg het. Die feit dat hy vroeër die oggend op informele wyse toegestem het dat die verhoor eers om 11 ~~v.m.~~^{v.m.} begin, dui daarop dat die streeklanddros, altans aanvanklik, ingesien het dat mnr. Boshoff (sonder enige skuld hoegenaamd van sy kant) onvoorbereid was om die verdediging van appellante waar te neem. Ek vermoed dat die streeklanddros later, toe die eerste aansoek gedoen is, oorweeg het of dit bona fide was, of moontlik slegs 'n poging was om een of ander taktiese voordeel te behaal. Indien die streeklanddros oortuig was dat mnr. Boshoff sy aansoek te goeie trou gedoen het, omdat hy in die tyd wat tot sy beskikking was, hom nie behoorlik kon voorberei het nie (d.w.s. om behoorlik met appellante oor die feite te konsulteer, te verneem wat die posisie in verband met moontlike getuies is, om op regspunte (indien enige) in te gaan, e.d.m.), blyk dit

nie duidelik uit die stukke waarom hy dit nogtans nie as "nodig of dienstig" geag het om die verhoor te verdaag nie - selfs nie tot die namiddag of die volgende dag nie. Die streekheflanddros kon moontlik beskou het (soos deur die aanklaer betoog is) dat appellante ruim kennis van die verhoordatum gehad het, en dus 'n genoegsame geleentheid gehad het om regsbystand te verkry en hulle verdediging voor te berei. Die streekheflanddros sou egter, wat dit betref, moes oorweeg het of appellante daarvan skuld gehad het dat hulle op die eerste dag van die verhoor nog onvoorbereid was. Eerste appellant het reeds teen die einde van Februarie met mnr. Botha gereël om die verdediging waar te neem - daar gelaat of laasgenoemde ook in verband met tweede appellant se verdediging opgedra is. Eerste appellant was geregtig om te aanvaar dat hy hom op sy prokureur kon verlaat om hom met advies en leiding behulpsaam te wees wat betref voorbereiding vir die verhoor. Waar appellante skielik en onverwags 'n ander prokureur moes opdrag gee, kan hulle kwalik daarvan beskuldig word dat hulle onvoorbereidheid aan hulle eie laksheid te wyte was. Selfs skuld

aan die kant van 'n beskuldigde is nie in alle omstandighede noodwendig van deurslaggewende belang nie. Hoe dit ook al sy, blyk dit nie uit die stukke wat die streeklanddros se siening van hierdie aspek van die aansoek was nie.

Die streeklanddros was blykbaar die mening toegedaan dat dit nie 'n ingewikkeld saak was nie. Dít besluit hy na aanleiding van bewerings in die klagskrif. Na my mening kan so 'n besluit hoegenaamd nie geregtig word bloot met verwysing na bewerings in 'n klagskrif nie. Daar kan belangrike en ingewikkeld feitegeskille ontstaan, selfs waar die geskilpunte, soos uit 'n klagskrif blyk, binne 'n beperkte omvang val. In hierdie opsig het die streeklanddros homself, na my mening, wanvoorgelig. Soos by die tweede aansoek ook die geval was, het die streeklanddros dit as "n baie eenvoudige saak" beskou.

By oorweging van die tweede aansoek, na sluiting van die Staat se saak, verwys die streeklanddros na die feit dat die hofsitting spesiaal vir die verhoor van die saak gereël is, dat hy reeds gedurende die oggend vir 'n tyd ledig was en nie ook nog gedurende die namiddag ledig wou wees

nie. Hierdie oorweging is, na my mening, by opweging teen die belangrikheid daarvan om aan 'n beskuldigde 'n redelike geleentheid te gee om homself te verdedig, van geringer gewig.

'n Belangrike oorweging, wat nie deur die streefhoflanddros genoem word nie, en waarskynlik dus oor die hoof gesien is, is die ernstige gevolge wat 'n skuldigbevinding vir die appellante ingehou het. Die vonnisse wat opgelys is, is sprekende bewys daarvan.

In sy voormalde verklaring, stel die streeklanddros dit "onomwonde" dat mnr. Boshoff "bereid was om voort te gaan, in elk geval tot die einde van die staatsaak." Wat die tweede aansoek betref stel hy dit dat, "na samesprekings was die verdediging weer eens bereid om aan te gaan met die verdediging se saak." Dit is vir my nie duidelik of die streeklanddros bedoel dat mnr. Boshoff te kenne gegee het dat hy sy aansoeke terugtrek nie. Indien so, blyk dit ten duidelikste uit die stukke dat mnr. Boshoff dit nie gedoen het nie. Wat klaarblyklik gebeur het was dat die prokureur om vanselfsprekende redes die afwysing van sy aansoeke berustend aanvaar het, en daarna voortgegaan het om die verdediging na

die beste van sy vermoë te behartig. Dit blyk dus moontlik te wees dat daar misverstand oor mnr. Boshoff se houding was.
Na my mening, het mnr. Boshoff geen skuld daaraan nie.

By wyse van opsomming blyk dit, na my mening, dat die aansoeke om uitstel te goeie trou gedoen is ten einde appellante die geleentheid te bied om hulle verdediging met hulp van mnr. Boshoff voor te berei. Oor die belangrikheid van die voordeel van regsbystand by die verhoor van beskuldigdes wat weens 'n ernstige misdaad aangekla word, kan geen twyfel bestaan nie. Dit is ewe duidelik dat 'n redelike geleentheid tot voorbereiding vir behoorlike regsbystand onontbeerlik is. Na my mening volg dit dat 'n beskuldigde 'n redelike geleentheid tot voorbereiding van sy verdediging slegs om gewigtige redes ontsê behoort te word. Ek het reeds daarna verwys dat, hoewel appellante betyds kennis van die verhoordatum gekry het, dit nie hulle skuld was dat hulle op die eerste dag van die verhoor nog onvoorbereid was nie.

Prokureur Boshoff het klaarblyklik geen skuld daaraan gehad nie. Indien dit gesê sou kon word dat prokureur Botha in enige mate daarvoor te blameer is, sou dit in die omstandighede van hierdie

saak, wat van 'n ernstige aard was, onbillik gewees het om dit as 'n faktor van beslissende belang teen appellante te laat geld het.

Ek het hierbo verwys na die streeklanddros se redes vir sy afwysing van die aansoeke om verdaging, vir sover dit uit die stukke te verneem is, nl., dat dit 'n "eenvoudige" saak was (sonder, egter, oorweging van die ernstige gevolge vir appellante van 'n skuldigbevinding), dat die hofsitting uitsluitlik vir die verhoor van appellante se saak gereel is en dat 'n verdaging ongerief sou veroorsaak het (dog sonder oorweging van die dienstigheid om die saak dan ten minste tot 14 April - die volgende dag - te verdaag). Dit blyk nie met enige duidelikheid uit die stukke in watter mate die streeklanddros deur sy wanindruk betreffende mnr. Boshoff se "bereid-willigheid" om met die saak voort te gaan, beïnvloed is nie.

By opweging van al die betrokke omstandighede blyk die onderhawige geval een te wees waar die verhoorhof verkeerdelik besluit het dat dit nog nodig nog dienstig was om die verhoor te verdaag ten einde appellante 'n redelike geleentheid

inderdaad nie geskied nie.

Die appèl slaag dus, en die skuldig-
bevindings en vonnisse word tot niet gemaak.

P. Koen - el.

POTGIETER, A.R. } Stem saam
MULLER, A.R. }